

Dinsdag 5 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 19

Fokusgedeelte: Psalm 19:2 (AFR83)

Om met die skepping en die Woord te kan saampraat oor God se grootheid

Hoor jy dit? Luister mooi. Die skepping praat. *“Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend. Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee. Sonder spraak en sonder woorde, onhoorbaar is hulle stem. Tog gaan daarvan ’n boodskap uit oor die hele wêreld en hulle taal bereik die uithoeke van die aarde”* (Ps. 19:2-5).

Wat sê die skepping? Dit getuig van die mag van die Here. Ons hoor dit nie, want ons raas te veel en is te veel met ons eie lofprysing besig. Ons skreeu met al ons gepraat die stem van die natuur dood. Ons is op onself ingestel. In plaas van ’n harmonie met die skepping die lof van die Here te besing en van sy werke te vertel, sing ons ’n ander deuntjie wat op onself gerig is. Ons praat teen die stem van die skepping in.

Hoor jy dit? Luister mooi. Die stem van die Here word in sy Woord gehoor. Daarvoor sing die digter in die tweede deel van die Psalm. Dit is duidelik hoorbaar. God se Woord is wonderlik en vervullend en kosbaar. Dit vertel onder andere van die verlossing van sondes en die bevryding wat sou kom toe die Woord van die Here, Jesus Christus, mens geword het.

As ek die stem van die Woord, wat duidelik hoorbaar is, hoor en deur Jesus Christus aan die verlossing deel kry, kan ek ook begin praat. Huiwerend begin praat. Biddend praat: “Here, mag wat ek dink en sê, tog vir U aanneemlik wees.”

Eers dan kan ek begin saampraat, want dan praat ons almal dieselfde taal. Die skepping en die Woord en die gelowige praat saam. “Saam getuig ons van die mag van die Here en ons maak die werk van sy hande bekend.”

Sing: Psalm 19-1:1, 7

Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)